



P.H.R. SNYMAN. *Olifantshoek: oase van die Langberg*. RGN: Pretoria, 1986. 157 pp. Geïll. R9,10 (eksklusief). ISBN 0 7969 0281 X.

Hierdie boek is die derde publikasie in die reeks oor plaaslike geskiedenis wat uitgebring word deur die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN. Dit is 'n prysenswaardige poging om 'n leemte in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te vul. Uit die bronnelys en bronneverwysings blyk dit dat die outeur omvattende navorsing oor die Langberggebied gedoen het, nie net in die tradisionele staatsargiefbewaarplekke nie, maar ook in ander dokumentbewaarplekke op plaaslike en streekvlak. Regerings- en periodieke publikasies is ook geraadpleeg, terwyl mondelinge bronne goed benut is. Die outeur verantwoord sy inligting besonder goed met 'n duidelike en omvattende verwysingstegniek.

Die werk behandel 'n verskeidenheid aspekte, soos weerspieël in die inhoudsopgawe: geskiedenis voor die koms van die blankes; oopstelling van die gebied; vestiging en dorpstigting; dorpsadministrasie en -ontwikkeling; ekonomiese ontwikkeling; kommunikasie; wet, orde en verdediging; politiek; godsdiensontwikkeling; onderwys; gesondheid en welsyn; kulturele bedrywighede, sport en ontspanning.

Die sinvolheid van 'n navorsingsprojek en -publikasie oor 'n enkele dorp en sy onmiddellike omgewing sal egter deur sommige akademici bevraagteken word. Hoewel daar in die boek gepoog word om die weerklank van nasionale gebeure op Olifantshoek aan te toon (byvoorbeeld die Anglo-Boereoorlog, die 1914-Rebellie, ekonomiese depressies en droogtes), bly dit steeds 'n vraag of dit nie onnatuurlik op mikrovlak geïsoleer word nie. Dit bring die gevaar mee dat daar verval word in die blote aaneenryging van fyn besonderhede. Kontraste, verskille en gemeenskaplikhede tussen dorpe in die betrokke streek sowel as ekonomiese en geografiese interaksies kon nie in 'n studie soos hierdie sinvol uitgelig word nie.

'n Leemte wat die leser dadelik opmerk, is die afwesigheid van 'n kaart of reeks kaarte om die dorpsontwikkeling voor te stel en om demografiese en ekonomiese tendense uit te beeld. Plek-plek is saamgestelde sinne moeilik leesbaar en die enkelvoud en meervoud van etniese benamings word inkonsekwent gebruik, bv. Tlhaping en Tlharo (altyd ekv.), Namakwas en Griekwas (altyd mv.), teenoor Xhosa (ekv., p. 10)/Xhosas (mv., p. 11) en Korana (ekv., p. 2)/Koranas (mv., p.3).

Ten spyte van die besware wat daar moontlik teen die benadering en keuse van publikasie ingebring kan word, is hierdie werk 'n waardevolle bron vir diegene wat meer inligting oor die Langbergstreek verlang.

*J.S. BERGH*
*Universiteit van Pretoria*